# GELDSAKE

## Deel 5 – Genoeg en Tevrede

### Afskop

**Wat het die afgelope week in jou lewe gebeur wat jy graag met jou groep sal wil deel, of waarvoor jy gebed nodig het?**

---

---

**Hoe getrou was jy aan die EEN TREE wat jy wou gee die afgelope week?**

---

---

### Vrae vir Bespreking:

Werk deur al hierdie vrae VOOR julle Kleingroep byeenkoms. Dit help jou voorberei vir julle byeenkoms sodat julle 'n sinvolle bespreking kan hê. Skryf jou antwoorde neer. Julle gaan nie noodwendig al die vrae bespreek nie en ook nie noodwendig dit in die volgorde hanteer nie.

**Waaroor is jy tans baie dankbaar in jou lewe? Hoekom?**

---

---

---

**Watter effek dink jy het dankbaarheid op ons tevredenheid met wat ons het?**

---

---

---

**In die preek is genoem dat sekere dinge in ons lewe ons ontevredenheid aanvuur deur ons bewus te maak van dinge wat ons nie het nie. Watter dinge in hierdie lewe maak jou bewus en het die geneigdheid om jou ontevredenheid aan te vuur? Verduidelik.**

---

---

---

**Lees deur die volgende gedeeltes en beantwoord die vrae:**

**Psalm 131:2. Wat bring jou in 'n plek van tevredenheid in die lewe?**

**Matteus 6:19-21 en Lukas 12:33-34. Wat dink jy beteken dit om vir jou 'n skat in die hemel bymekaar te maak? Het jy al ooit daarin gedink dat jy wel iets kan bymekaar maak wat jy in die ewigheid sal kan geniet? Verduidelik.**

**Lukas 12:15-21. Wat dink jy beteken vers 21 wat sê om ryk by God te wees?**

**1 Timoteus 6:11 en 18. Op watter manier kan jy jouself herinner om in die rigting van hierdie dinge te streef wat vir God belangrik is?**

**Hebreërs 13:5 en 1 Timoteus 6:10. Hoe dink jy kan jy jou lewe vryhou van geldgierigheid?**

**Oor watter geestelike aspek van jou lewe dink jy moet jy ontevrede raak sodat dit jou dryf na 'n ander optrede? Hoe kan jy meer daarvan bewus raak?**

**Wat is een ding wat jy anders wil doen in jou finansiële lewe na aanleiding van hierdie reeks?**

## Gebed en Omgee

*Sluit julle tyd af deur gebedsversoeke met mekaar te deel. Indien iemand in die groep kan uithelp met die behoefte of uitdaging is dit goed. Bid saam vir mekaar en vir mekaar se behoeftes waaraan die groep nie verandering kan bring nie.*

**Jy is welkom om van julle groep se gebedsversoeke neer te skryf sodat jy verder deur die week daaroor kan bid:**

## Neem 'n Volgende Stap

*Hierdie gedeelte is vir na julle groepsbyeenkoms sodat jy in jou eie hart kan vasmaak en gehoorsaam kan wees aan wat die Heilige Gees vir jou in julle bespreking openbaar het. Sit 'n tydjie na julle groepstyd uit sodat jy kan nadink oor julle bespreking en tyd saam.*

**As jy terugdink oor julle groepstyd en julle bespreking, wat het vir jou uitgestaan? Wat verstaan jy beter? Wat kan jy met iemand deel? Waaroor moet jy nog bietjie nadink? Wat ervaar jy druk die Heilige Gees op jou hart om in hierdie week te doen? Neem 'n oomblik en dink na oor julle byeenkoms en skryf iets neer wat jy wil vasmaak in jou eie hart.**